

4 April

Skrifgedeelte: Numeri 10:11-17

Fokusgedeelte: Romeine 8:15-17

Verantwoordelikheid het grense

Verantwoordelik vir álles? Om verantwoordelik vir alles te voel, maak mens gedaan. Predikante is gedaan omdat hulle voel hulle is vir lidmate se geloofskeuses verantwoordelik. Ouers is gedaan omdat hulle voel hulle is vir wat hulle kinders doen, verantwoordelik. Kinders is gedaan omdat hulle voel hulle is vir hulle ouers se huwelik verantwoordelik. Moses is gedaan omdat hy voel hy is vir die volk se gemor verantwoordelik.

Ek dink daar is 'n skeppingswet wat sê: As ek vir meer verantwoordelikheid neem as waarvoor ek moet, dan breek ek én dit waarvoor ek verantwoordelikheid probeer neem. Verantwoordelikheid het grense.

Vir my om ook jou verantwoordelikheid vir jou na te kom, wys 'n lelike gesindheid: Ek dink ek is beter as jy. Eintlik nog erger, ek dink die Here werk beter deur my as deur jou (Rom. 12:3). En hierdie lelike gesindheid het tot gevolg dat ek moeg en moedeloos word én dat jy nie die vreugde daarvan beleef om die Here deur jou te laat werk nie. Verantwoordelikheid het sy plek, sy grense. Hier is 'n paar voorbeelde:

- Ek is nie verantwoordelik vir my saligheid nie. As ek was, is dit werkheiligheid. Ek het is wel verantwoordelik om Jesus Christus as my Saligmaker in die geloof te omhels en in Hom te rus (2 Kor. 5:20).
- Ek is nie verantwoordelik vir hoe jy die Here dien nie. As ek was, matig ek my die Here se heerskappy oor jou aan en loop dit net op veroordeling en konflik uit (Rom. 14:4). Ek is wel verantwoordelik om jou te vra of jy nog jou Meester se stem hoor.
- Ek is nie verantwoordelik vir my kind se huwelik nie. As ek dit doen, versmoor ek hulle liefde vir mekaar. Ek is wel verantwoordelik om beskikbaar te wees as my kind my raad wil vra (Matt. 19:5).

Watter verantwoordelikheid maak jou moeg? Het daardie verantwoordelikheid gesonde grense?

Sing: Psalm 124-1:4, Skrifberyming 11-3:1, 3, 6

Ds. JP (Johan) Fleischmann (Kaapstad)